Die Aankondiger

15 November 2020

Omgeekerk
Lyttelton-Noord
Ons Reik Uit Na Elkeen!

Prediker: *Ds. Gideon Du Toit*

Skriflesing: *Psalm 3*

Tema: *"Hulp kom net van die Here af"*

Liedere: *Ps 100:1-3; 168; 292:1-2; 510:1-4.*

Meer as oorwinnaars

- Pierre Ballot is in Unitas opgeneem nadat hy geval het. Hy het in die week 'n week 'n heupvervanging gehad. Ons bid vir hom en vra die Here se genesing.
- Margaret Du Toit het behandeling ontvang. Ons dra haar aan die Here op dat sy weer sal kan funksioneer.
- Lilian Strydom se moeder het deur 'n nare ondervinding gegaan toe sy gehospitaliseer is. Hulle het haar gaan haal en versorg haar tuis. Ons bid dat sy die regte plek sal vind waar sy met deernis versorg sal word.
- Lorrie Kriek moet ingaan vir 'n prostaatoperasie. Bid asb dat dit 'n sukses sal wees.
- Die hospitaalsusters vra dat ons vir hulle moet bidin hierdie moeilike tye.

Ons behoort aan God

Baie geluk aan Jaco en Lizanne Naudé asook die grootouers met die doop van :

Mené Naudé

Geluk aan René en Martin Odendaal met die kinders van huis Gideon wat ook vandag gedoop word:

Marelda Eldie Queen Holtzhauzen
Gideon Dawid Nel
Eduan Janse van Rensburg
Lily Mjele
Rudi Swart
Raymond Swart
Monice Fourie
Lethabo Lloyd Rakgalakane

Om dissipel te wees - 3

Verlede keer:
Daar is oorlog tussen Eritrea en Ethiopië en baie burgers sterf. Helen Berhane van Eritrea en 'n groepie vriende stap een Sondagaand van 'n Bybelstudie af terug huis toe. Langs die pad besluit sy om met 'n groep mense oor die Here Jesus te praat. Sy sluit haar boodskap af deur te vra dat hulle vir die leiers van die twee lande bid. Twee veiligheidspolisie manne gryp haar en neem haar op hardhandige wyse na die polisiestasie toe.. Na 'n lang ondervraging word sy vrygelaat maar verbied om weer te preek. *Sy het egter geen voorneme om op te hou om die evangelie met mense te deel nie*.

'n Week na die gebeure is sy by 'n huisgroepbyeenkoms. Hulle het net begin toe daar 'n harde gehammer aan die deur is. Die gasheer maak die deur oop. Die man voor die deur skreeu "wat se lawaai is dit dié, besef julle nie dat mense probeer slaap nie?" Die gasheer vra verskoning en vra in watter huis die man woon. Hy woon nie daar nie maar het met die verbygestap die "lawaai" gehoor. Hy gaan polisiestasie en lê 'n klagte.

Kort daarna daag 'n groot groep polisiemanne op. Helen was besig om te sing toe hulle inkom. Sy maak rustig klaar. Toe sy klaar is, word almal beveel om hulle ID dokumente aan die polisie te gee en saam te gaan na die polisiestasie toe. Daar wou hulle weet waarom hulle bymekaar was. Helen, wat uitgewys word as die leier, antwoord dat hulle bymekaar was om na die evangelie te luister. Hulle word verder ondervra en eers die volgende oggend vrygelaat.

(Blaai om)

(Vanaf vorige bladsy)

Om dissipel te wees - 3

'n Paar dae later doen Helen hospitaalbesoek en 'n man wat doodskiste verkoop, wag in die Intensiewe Sorg eenheid vir die volgende persoon om te sterf, sodat hy kan besigheid doen. Helen praat met hom oor die Here Jesus, hy vererg hom, maak lawaai en die polisie word ontbied. Hy kla dat sy hom voor ander verneder het. Tydens ondervraging word hy vrygelaat en sy word geboei en in 'n klein bedompige sel opgesluit. Die boeie om haar arms is so styf dat haar hande swel. Weens de hitte ontwater sy. Sy word eers die volgende oggend na 'n toilet geneem. Na 11 dae in gevangeneskap verskyn sy voor de hof en die saak word in haar guns uitgewys.

In die tyd verhard die regering se houding en op 22 Maart 2002 word bepaal dat slegs sekere kerke toetemming het om te bestaan. Die kerk waaraan Helen behoort is uitgesluit. Die polisie slaan orals toe - privaat huise word deursoek, Bybels word gekonfiskeer, huisgodsdiens word verbied, en baie mense word gearresteer.

Lewe het drasties verander en groot onsekerheid heers - niemand weet wie om te vertrou nie. Helen gaan egter voort om liedere te skryf, te sing en op te tree by een van die oop kerke. Sy laat haar nie intimideer nie en stel in dié tyd 'n CD vry. Sy gaan vreesloos voort om haar geloof uit te leef en met ander te deel.

Haar vasbeslotenheid om gehoorsaam te wees aan haar roeping as dissipel van Jesus, sal haar egter nog duur te staan kom.

Stalletjies 5 Desember

Kontak asb vir René by Huis Gideon as u belangstel om 'n stalletjie te hê. Dit is gratis. **Tel: 0795143290 / 012 664 2199**

Wegneem-ete Sondag 29 Nov 2020

.Neem asb kennis. Sondag 29 November is daar weer wegneemetes by die kerk. Koue vleis en lekker slaaie. Kaartjies R50 beskikbaar by die Kerkkantoor. Koop en bespreek vroegtydig.

Baie geluk aan almal wat verjaar :

15 - 21 November

Van	Noemnaam	Verjaar	Landlyn	Selfoon
Naudé	Lihan	11/15	012 6531308	
Smit	Wilmarie	11/15		073 673 6071
Fölscher	Ruan	11/16		
Schafer	Connie	11/16	012 664 0918	0798131568
Van Der Westhuizen	Tyrone	11/16		
Brink	Gideon	11/17	012 6642114	0824125922
Hechter	Carmen	11/17		
Van Deventer	Sylvia	11/18	835412285	0835412285
Joubert	Jason	11/19		082 574 9784
Moggee	Jeanne	11/20		0835597711
Odendaal	Martin	11/20	012 6642199	